Troue Here van my lewe 241



2
U, die kenner van ons harte,
sien my skuld en ken my nood.
Ek treur, vol berou en smarte,
want my sonde bring die dood.
Ja, U sien my hart se wonde,
sien my ly oor al my sonde.
Christus laat my voor U staan,
deur sy bloed neem U my aan.

3
Deur u Seun skenk U genade,
in geloof neem ek Hom aan.
Hy verlos my van die kwade;
Hy sal altyd met my gaan.
Al is ek in skuld gebore,
is ek in Hom uitverkore
vóór u Woord in skeppingsmag
nag geskei het van die dag.

Teks: *Schweiget, bange Zweifel! Schweiget!* - Johann Schlegel 1769; Ahasverus van den Berg 1806;
GBA Gerdener 1931; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978; gewysig Reneé Marais 2001
Melodie: *Alle Menschen müssen sterben* - Duits E16; C Anton ca 1640; geestelik Darmstadt 1687; aangepas 1806
Harmonisasie: Werkgroep Kerkmusiek UOVS 1978. Alternatiewe harmonisasie: Lied 573